



Januarie 2019

Vandag ontvang jy as lidmaat van De Eike vir die eerste maal in die hand wat ons die “Pastorale Brief” noem. Hierdie kort oordenking gaan maandeliks uitgestuur word na al ons besoekpunte, en dis regtig ons gebed dat dit tot seën sal wees vir elkeen wat dit ontvang en lees.

Die rede hieragter is dat die kerkraad alreeds ‘n jaar of wat gelede besef het dat ons huidige omstandighede in die gemeente dit absoluut onmoontlik maak om die gemeente op dieselfde manier te bedien as ‘n kwarteeu terug. Toe was ons nog klein en kompak genoeg dat die leraars hulle lidmate aanvanklik een maal per jaar aan huis kon sien, en later elke tweede jaar – todat dit ook onmoontlik geword het. Nou het die vertrek van Jandré Viljoen ons programme net nog verder onder druk geplaas.

Ons wil egter nie graag kontak met julle verloor nie, en wil daarom graag op hierdie manier die Woord aan julle bedien. Maar ons wil ook graag weer die uitnodiging tot julle rig: As jy graag een van die leraars wil sien, doen asseblief die moeite en maak ‘n afspraak. Ons sal jou graag besoek! En dit hoef regtig nie net in verband met ‘n groot krisis te wees nie. Julle as gesin is steeds vir ons belangrik en ons wil graag met julle kontak behou.

As jy dalk wonder hoe die wyksindeling werk, kontak gerus die kerkkantoor by 021 903 3818 om uit te vind wie jou wyksleraars is.

Uit genade gekies...

”Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal.” Deuteronomium 7:7

Stel jouself ‘n oomblik in die skoene van daardie groepie Jode wat op die oewer van die Jordaan wag om die nuwe land in te vaar. Hulle het seker maar ontsaglik *klein* en onseker gevoel. Hulle het tog geweet daar bly baie mense in hierdie land - en hulle verkenners het hulle reeds kom inlig dat 'n klomp *reuse* was! Hulle sou vir seker nie hulle land op 'n skinkbord weggee nie. En onthou, die Jode was nie opgeleide soldate nie. Hulle was eintlik nog laas slawe, met net ervaring van bouwerk en veertig jaar se woestynreis...

Ons ken ook onsekerheid. Niemand van ons weet immers wat wag in 2019 nie. Maar ons kan leer by die klomp Jode: wat vir hulle die enorme verskil maak, is dat hulle nie op hulle eie krag staatmaak nie. Hulle weet hierdie land gaan nie hulle s'n word omdat hulle so 'n groot en watswonderse volk en is, met so 'n formidabele leërmag wat almal die skrik op die lyf jaag nie. Hulle reken ook nie God móét hulle help, omdat hulle so heilig en besonder toegewyd is nie. Nee, al wat hulle weet, is dat God hulle lief het en hulle gekies het. Hulle reken net op God, en sy genade.

Net so, kan ek en jy ook nie in 2019 op God se hulp reken omdat ons beter as ander is nie. Nee, ons kan net staatmaak op sy belofte, dat Hy wat ons geroep het, ons steeds liefhet, en saam met ons 2019 ingaan. Hy het ons uit genade gekies en ons syne gemaak – en daarom kan ons die toekoms vierkantig in die oë kyk.

Baie seën en voorspoed in 2019!

